

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die krag waarmee Jesus Christus is en doen wat Hy as die Christus doen, en die krag waarmee Christus maak dat ons vir God heilig en regverdig kan leef. Sy goddelike krag is die krag waarmee Hy die Dawidsbelofte vir Homself vervul en die goddelike krag waarmee Hy die Abrahamsbelofte vir ons waarmaak in ons lewe. Ons krag is die vergifnis van sonde en God se liefde wat ons ontvang. Dit is soos die verskil tussen elektriese krag en waterkrag. Christus is die Here, die waterpomp wat met goddelike krag werk, dit is elektriese krag. Ons is die vrugtebome wat met waterkrag werk. Deur sy goddelike krag ontvang en gee Christus vir ons die waterkrag waarmee ons vrugte kan dra: die vergifnis van sonde en God se liefde vir ons. Dit is net soos 'n waterpomp water ontvang en uitstort. Christus het nie gekom om sy goddelike krag waarmee Hy Christus is, die waterpomp is, ons krag te maak nie. Net soos die elektriese krag van 'n waterpomp nie die krag kan wees wat bome laat vrugte dra nie, is Christus se goddelike krag nie die krag Hy ontvang om oor ons uit te stort nie. Hy stort vergifnis en liefde oor ons uit, nie goddelike kragte en magte nie.

Skriflesing Dawids- / Messiasbelofte 2 Sameul 7: 11- 17; Abrahamsbelofte Esegël 36: 24 – 30; Christus vervul beide beloftes Lukas 1: 67 – 75; Handeling 2: 32 – 36.

Teks Handeling 2: 33: “Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is ontvang en uitgestort.

Tema Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef

1. Die kuns van Bybellees, is om die regte verse saam te lees. Hand. 2:33 maak twee aankondigings oor Christus:

1. dat Christus aan die regterhand van God verhoog is en
2. dat Christus die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang en oor sy kerk uitgestort het.

Hand. 2:33 is hoe Christus die loflied van Sagaria waarmaak: 1. Hy is die seun van Dawid wat die kragtige verlossing bewerk en wat 2. die belofte aan Abraham vervul dat sy kerk vir God heilig en regverdig sal wees in hulle diens aan God Luk. 1:75. (1953 en Nuwe direkte Vertaling.)

Daarom is 1. die eerste deel van Hand. 2:33 “Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is”, die wyse waarop Christus die Dawidsbelofte in 2 Samuel 7 vir Homself waarmaak en 2. die tweede deel: “die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort” die wyse waarop Christus die Abrahamsbelofte van Esegël 36 vir sy kerk waarmaak.

2. Daarom gaan Pinksterfees oor twee soorte kragte: die krag van Christus en die krag van die kerk. Hierdie is twee heeltemal verskillende kragte. Christus se krag is

om aan die regterhand van God te gaan sit en die Heilige Gees te ontvang en uit te stort. Die krag van die kerk is om deel te wees van die vervulling van die belofte van Esegïel 36: God maak hulle heilig en regverdig in hulle liefde vir God.

Pinkstertyd is die tyd waarin ons die verskil in hierdie twee soorte kragte moet ontdek. Ons kan die twee verskillende soorte Pinksterkragte vergelyk met die voorbeeld van die twee soorte kragte wat nodig is op 'n plaas. Elke plaas werk met twee verskillende soorte kragte: elektriese krag en waterkrag. Die elektriese krag is die krag waarmee die waterpomp werk en waterkrag is die krag wat maak dat bome vrugte dra.

3. Hierdie is twee heeltemal verskillende kragte: die krag vir die waterpomp en die krag vir die vrugtebome. Christus is die waterpomp wat met elektriese krag werk en die lidmate van die kerk is die bome wat vrugte dra met waterkrag. Hand 2: 33 wys dat Christus die elektriese krag ontvang: die krag om aan die regterhand van God te sit. Elektriese krag is die krag van God self, goddelike krag.

Met die Goddelike krag om aan die regterhand van die Vader te sit, doen Christus wat 'n waterpomp doen: Hy trek die water uit die grond of rivier en terselfdertyd gooi die pomp met die besproeiingstelsel die water oor die bome uit. Met sy Goddelike krag ontvang Christus die belofte van die Gees, en stort dit oor sy kerk uit.

So gee Christus met sy goddelike krag, elektriesiteit, vir ons, waterkrag: die vergifnis van sonde en liefde van God vir sondaars soos belowe in Esegïel 36. Christus werk met elektriese, goddelike krag en ons werk met die vergifnis van sonde en God se liefde vir ons, waterkrag.

4. Jesus se krag om Christus en Here te wees volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7 (Hand. 2:36) is

1. die krag om een van Dawid se seuns te wees wie vir altyd koning sal wees. (Jesus het só uit die dood opgestaan om vir altyd mens soos ons te wees.) (Hand. 2: 29-31),

2. die krag om self die Seun van God die Vader te wees, nie 'n kind van God te wees nie. (Hand. 2:33) en

3. die krag om as God en Here vir ewig oor die kerk te regeer. Dit is hoe Christus se elektriese krag lyk. Dit is God se eie krag om Christus en Here te wees.

5. Hoe lyk waterkrag? Waterkrag is die krag wat Jesus as Christus en Here aan ons gee om vrugte te dra. Dit is die krag van die belofte van die Gees in Esegïel 36.

1. om van afgodery bevry te word,
2. om van sondes gereinig te word,

3. om 'n hart te ontvang wat God en jou naaste liefhet,
4. om God se Gees, sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid te ontvang en daarin te leef en
5. om as kerk bymekaar gebring te word.

Dit is die waterkrag wat ons as die Here se bome ontvang om heilig en regverdig voor God te kan leef – dit is ons vrugte: volkome en reg gemaak deur God vir sy liefde en in ons liefde.

Dit is die twee verskillende Pinksterkragte: Jesus kry die krag om Here en Christus te wees en ons kry die krag om heilig en regverdig in ons liefde te wees. Christus kry nie waterkrag nie. Hy ontvang en gee waterkrag. Ons kry nooit elektriese krag, goddelike kragte en magte nie. Christus se elektriese krag, goddelike krag, gee ons waterkrag.

6. Hoe kry Christene krag om vrug te kan dra?

Christus ontvang en gooi dit oor ons uit! Dit is hoe dit in Handeling 2: 33 beskryf word. Christus ontvang die belofte van die Heilige Gees en gooi dit oor ons uit!

Dit is hoe besproeiing op 'n plaas werk!

Die waterpomp is altyd gelyktydig gekoppel aan die boorgat of die rivier waarin die water is en die waterpype wat die water tot teen die wortels van elke boom vat. Dit is die pomp se werk om hierdie water eers te kry, te ontvang en dit dan te verprei sodat elke boom met 'n drukker of 'n mikrosproei die water wat daar ver van die rivier gepomp is by sy wortels ontvang. Die pomp kry en stort die water uit oor elke boom.

Dit kan nooit so werk dat die pomp die water bymekaar kry en dan moet die bome probeer om hulle wortels by die besproeiingsdam uit te kry sodat hulle die water wat uit die rivier of boorgat gepomp is, self moet gaan haal uit die besproeiingsdam nie.

7. Dit is hoe baie geestelikes tydens Pinksterfees preek!

Hulle preek dat Jesus die Gees ontvang het en dat lidmate nou self die Gees moet gaan kry by Jesus!

Dit is wat hulle probeer voorhou wanneer hulle preek dat jy die Heilige Gees by Jesus moet kry deur jou sondes te bely, deur jou lewe vir God te gee, deur jou hart vir God te gee, deur 'n algehele oorgawe aan God te maak! Jy moet die Gees volgens hulle ontvang deur met al hierdie goed wat jy moet doen, die Gees by Jesus te gaan kry.

Dit is heeltemal verkeerd om so te preek. Handeling 2 vers 33 stel dit baie duidelik dat Jesus nie net die belofte van die Heilige Gees ontvang het nie, Hy het ook die Heilige Gees oor die kerk uitgestort. Net soos wat 'n waterpomp die water uit die boorgat pomp en mikrosproeis.

8. Wat stort Christus oor ons uit?

Hy stort water vir waterkrag oor ons uit! Net soos dit in die Abrahamsbelofte in Esegïel 36 vir ons openbaar word deur die Here:

1. die vergifnis van sonde, dit is vryheid van afgode en reiniging van sondes
2. sy liefde, goedheid en genade wat Hy as God vir ons het in ons harte,
3. HY gee ons 'n nuwe hart wat God kan liefhê en
4. Hy maak dat ons deel van sy vrugteboord, sy kerk is.

Hierdie is God se water vir waterkrag – dit maak dat ons weer vir God reggemaak is om reg en volkome lief te kan hê. Dit is die vrugte wat ons dra uit hierdie waterkrag: om weer reg en volkome te kan liefhê.

Wat stort die Here nooit oor ons uit nie?

Die kinders! Wat sal julle dink as julle so verby 'n plaas ry en julle sien daar is 'n boer besig om elektriese drade so onder sy bome aan te lê? Jy gaan mos nuuskierig wees en vir hom gaan vra wat is hy besig om te doen! As hy dan vir jou die volgende sê: hy wil hê die bome moet meer krag kry, want hy wil hê die bome moet groter en meer vrugte dra, daarom het hy besluit om elke boom in te prop op die kragdrade sodat elke boom nou elektriese krag kan kry, gaan jy dink dit is oulik of gaan jy weet hierdie oom is nou van sy trollie af?

Jy gaan sommer so van self weet hierdie ook het dit verloor, hy is heeltemal van sy trollie af.

Dit is nie al nie. Wat gaan jy maak as hierdie oom nou vir jou gaan vertel dat sy boom nou sommer so van al die elektriese krag wat hulle gaan kry, gaan gloei en skyn en nou sommer baie beter bome gaan wees omdat hulle nie meer met waterkrag gaan werk nie, hulle gaan nou met elektriese krag werk?

Gaan jy daardie oom op enige manier glo? Nee! Jy gaan mooi soet stilbly en wag vir die eerste geleentheid om so gou as moontlik van hierdie oom wat van sy trollie af is, weg te kom!

9. Wat gaan jy dink as hierdie oom dan al die waterpype en die waterpomp afhaal en van die bome af wegvat?

Dit terwyl die oom vir jou vertel dat elkeen boer soos hy goeddink en dat dit sy manier is om vir sy bome die beste te gee

Wat gaan van daardie bome word?

Moet jy nog eers wag en kyk of daardie plan van die boer gaan werk of weet jy sommer dadelik al sy vrugtebome gaan vrek. Nie een van sy vrugtebome gaan beter vrugte dra omdat hulle ingepronk is op elektrisiteit nie. Bome werk nie met elektrisiteit nie.

Bome wat elektriese krag kry vrek omdat hulle nie waterkrag kry nie. Dit is nie so dat elkeen sy bome kan groot maak soos hulle wil nie. Bome werk net met water en waterkrag. Ander se manier om hulle met elektriese krag te laat werk, werk glad nie.

10. Daar is vandag regtig pastore, priesters en predikante wat preek en glo dat in Pinkstertyd moet mense die goddelike krag van God in hulle lewe ontvang!

Hulle maak of Jesus daardie oom is wat van sy trollie af is wat bome met elektriese krag te wil laat werk. Hulle preek dat Jesus gekom het om mense sy eie goddelike krag en sy eie goddelike lewe te gee.

Hulle preek dat wanneer jy God se goddelike krag en lewe binne in jou kan kry, sal jy 'n baie sterker Christen kan wees. Dan sal jy nie sommer maar net dankbaar bid nie, jy sal met goddelike krag kan bid. Jy sal God se goddelike krag kry om kragtige gebede kan bid waarmee jy God se goddelike krag sal kan vrystel.

Net so preek hulle dat Jesus jou sy goddelike krag wil gee sodat jy met goddelike krag minder sondes sal doen, sommer so met genoeg van goddelike krag sal kan ophou sondes doen. Hulle preek dat jy met god se goddelike krag dan al die goddelike dinge wat Jesus gedoen het, self ook sal kan doen, soos om mense gesond te kan maak met God se goddelike krag wat hulle glo binne in jou is.

11. Het Jesus gekom om sy goddelike krag onder ons te versprei, vir ons 'n kragopwekker te wees, of het die Here gekom om vir ons 'n waterpomp te wees: om vir bome waterkrag te gee?

Net Christus is God wat die goddelike krag het om die Seun van Dawid en die Seun van God die Vader te wees. Jesus het nie gekom om goddelike krag te ontvang en goddelike krag onder mense te kom versprei nie.

Jesus het gekom om die belofte van die Heilige Gees te ontvang en te versprei. Hy ontvang nie en versprei die belofte van Dawid aan ons nie. Dit is net sy krag, net sy belofte! Hy ontvang die Abrahamsbelofte en stort die Abrahamsbelofte oor ons uit.

Hierdie belofte van die Heilige Gees wat Jesus ontvang en uitstort beteken dat Hy in ons die volgende waarmaak deur sy goddelike krag:

1. Hy maak ons vry van afgodery,
2. Hy reinig ons van ons sondes,
3. Hy gee ons 'n nuwe menslike hart te wat God en ons naaste liefhet,
4. Hy gee ons as God sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid binne in ons harte en
5. Hy bring ons as kerk bymekaar om saam met Hom te leef. (Esegiël)

Hierdie is die water wat Hy ontvang en oor ons uitstort sodat ons die vrugte kan dra om weer vir Hom te mag wees wie se menslike liefde vir Hom reg en volkome is, regverdig en heilig.

Wat Christus vir ons gee en met ons doen, deur sy goddelike krag is totaal iets anders as om vir ons sy goddelike krag te gee. Hy gee nooit vir ons sy goddelike krag nie. Met sy goddelike krag om Christus en Here te wees, gee en bewerk Hy vir ons alles om as mense te kan dien.

12. Seker die gevaarlikste manier waarop hierdie pastore, priesters en predikante maak asof Jesus gekom het om aan mense sy goddelike krag te gee, is dat hulle altyd preek dat mense net moet glo!

Wanneer jy hierdie oproep hoor, "Ons moet net glo!", dan klink dit mos soos die evangelie dat Jesus alles doen om die Heilige Gees te ontvang en oor ons uit te stort. Dit sal mos reg wees wanneer jy sê dat Jesus die Heilige Gees ontvang en uitstort en dan jy net kan glo dat Hy dit ontvang en oor jou uitstort!

Dan sal hulle nog sommer gemaak vroom ook sê jy kan nie met jou eie krag God se krag ontvang nie, jy moet net glo en dan sal jy God se krag ontvang.

Die kinders! Kom ons kyk weer na daardie simpel oom wat van sy trollie af is! Wanneer hy nou al die elektriese drade tussen die bome aan gelê het en vir elke boom 'n elektriese muurprop aangesit het, net soos daardie elektriese muurproppe hier in die kerk, en hy druk 'n elektriese kontakpunt binne in die boom in, net soos jy dit in 'n ketel, 'n yskas of mikrogolf indruk en sê vir die boom, nou kan hy maar net glo hy kry elektriese krag want die krag is aangelê tot binne in die boom, die boom is ingeprop, hy moet nog net glo, dan sal hy met elektriese krag werk!

Wat is die probleem?

Is die probleem dat hierdie boom nie glo nie en daarom nie die krag kan opneem en met die krag kan werk nie, of is die probleem dat 'n boom kan glo soos hy wil, hy kan en sal nooit met elektriese krag werk nie?

Wat dink julle is die probleem, die boom wat nie glo nie, want jy stort mos al die elektrisiteit binne in hom uit, of is die probleem dat 'n boom nie gemaak is om met goddelike krag te werk nie, maar met waterkrag?

Dit is nie daardie boom wat nie glo nie! Dit is daardie pastore, priesters en predikante wat van hulle trollie af is. God het nie mense gemaak om met goddelike krag mense te wees nie.

13. Wat maak dat 'n boom met waterkrag werk? Nie 'n elektriese prop wat jy aan 'n boom vasmaak of in hom indruk nie! Dit is sy wortels! Sy wortels is gemaak om water op te neem, nie elektriese krag nie.

So het God ons die gawe gegee om te glo in die belofte van Gees, om 1. van afgodery bevry te word, 2. om van sondes gereinig te word, 3. om 'n hart te ontvang wat God en jou naaste liefhet, 4. om God se Gees, sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid te ontvang en daarin te leef en 5. om as kerk bymekaar gebring te word wat God gewerk en gee met sy goddelike krag.

Geloof is ons wortels waarmee ons deel is van die belofte van die Heilige Gees wat Jesus Christus oor ons uitstort.

Geloof is nie die wyse waarop ons God se goddelike krag kan ontvang nie.

Pinkstertyd is die tyd waarin ons weer hoor en glo dat Jesus alleen die Dawidsbelofte waarmaak om aan die regterhand van die Vader Christus en Here te wees.

Pinkstertyd is die tyd waarin ons weer hoor en glo dat Hy alleen die belofte van die Heilige Gees ontvang en vir en in ons waarmaak, oor ons uitstort sodat ons weer onbevrees vir God regverdig en heilig kan wees omdat Hy ons so laat wees.

Hierdie Pinkster moet vir ons 'n tyd wees waarin ons boem moet wees wat nie luister na geestelike omies wat van hulle trollies af is nie. Ons sien en hoor nie goddelike kragte en magte nie. Ons word nooit deel van goddelike kragte en magte nie. Die Gees wat ons ontvang is nie God se goddelike krag wat deel van ons lewe word nie.

Ons glo nie in hulle goddelike kragte nie, al sê hulle ons sal dit kry as ons net glo. Ons glo dit nie want dit sal en kan nooit gebeur nie.

Ons glo in wat Jesus ontvang en oor ons uitstort – die belofte van die Heilige Gees volgens Esegël 36.

Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef, nie om God se goddelike krag te kry om goddelike dinge mee te kan doen nie.